

**TULI BEESTELERSGENOOTSKAP VAN SA  
TULI CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF SA**

**Notule vir die Algemene Jaarvergadering gehou by SummerWood Country Estate,  
BLOEMFONTEIN op 16 Augustus 2013 om 10:00  
Minutes for the Annual General Meeting held at SummerWood Country Estate,  
BLOEMFONTEIN, on 16 August 2013 at 10:00.**

---

**Teenwoordig:**

AJ van Rijswijk	C Welz	M van Niekerk
W Gouws	JA de Villiers	A Kitching
A Marx	B Coetzer	C Hobson
A Rautenbach	C Els	David McEwan
C Rautenbach	L Vermaak	G Gilfillan
C Kriel	L Grobler	C Slabber
C Barnard	D Buss	L Cook
S Welz	D Cawthorn	

**1. OPENING EN VERWELKOMING / OPENING AND WELCOME**

Mnr van Rijswijk verwelkom almal teenwoordig en open met gebed. *Mr van Rijswijk welcomed members present and opened the meeting by prayer.*

**2. KENNISGEWING, BYWONINGSREGISTER EN VERSKONINGS VIR AFWESIGHEID / NOTICE OF MEETING, ATTENDANCE REGISTER AND APOLOGIES FOR ABSENCE**

Die kennisgewing van die vergadering was betyds uitgestuur. Die vergadering word as behoorlik gekonstitueerd verklaar. Die bywoningsregister word onderteken.

*The notice of the meeting was sent out in time and the meeting thus declared as properly constituted. The attendance register was duly signed.*

**Verskoning/Apologies**

Edie Galpin	Dave Mullins	F Burger
Paul Smit	Wilna Ackhurst	B Raath
Nyreen Downie en Tom	Antonie Camacho	J Brown
Roberts	K Loubser	Russell Clark
Ben Rossouw	T Momberg	Jan en Koot van der Walt
Nellie en Vincent Beukes	Arthur en Jenny Schulze	

**2.1 Mosie van rou**

'n Minuut van stilte word gehandhaaf in eerbetoon met die afsterwe van die volgende persone gedurende die afgelope jaar.

*The meeting observed a minute of silence in memory of the under mentioned who passed away during the past year.*

Julie Galpin van Eenennaam  
Arthur Mullins  
Ray Brown se skoonouers

Wilna Achurst - 'n brand waarin heelwat diere verloor is.

**3. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP 27 MAART 2012 / APPROVAL OF THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING ON 27 MARCH 2012.**

Mev Welz doen navraag rondom die lys van afkeurde by inspeksies. Sy vra dat dit aan die lede gestuur word. Mnr Hobson stel voor dat dit ook op die webtuiste verskyn. Algemeen aanvaar.

Die notule word goedgekeur. Voorgestel mnr Buss, gesekondeer mnr van Niekerk.

**4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE / MATTERS ARISING FROM MINUTES**

**4.1 Onafhanklike keurders - Carmen Welz**

Mev Welz doen navraag rondom die buitelanders (Zimbabwers) en Rain Gerhard wat as onafhanklike keurders moet optree en opknappingskursusse moet bywoon. Mnr van Rijswijk noem dat dit baie kort kennisgewings was agv die eerste kursus wat uitgestel was. Hy noem dat hulle wel op die lys is om gekontak te word vir die volgende kursus. Mev Welz is tevrede.

**5. BYVOEGINGS TOT DIE AGENDA / ADDITIONS TO THE AGENDA  
Sien Punt 7 op die agenda / See item 7 on the agenda**

**6. NUWE SAKE / NEW BUSINESS**

**6.1 Portefeuljes Verslae:**

**6.1.1 Presidents Verslag / President's Report en Stamboek verslag – AJ van Rijswijk**

Ek wil begin deur dank aan my Hemelse Vader te bring vir die leiding wat hy vir my deur my termyn as President, gegee het.

Die raad het die afgelope 2 jaar sekere doelwitte daar gestel en dit is lekker om aan die einde van 'n termyn te kan sê dat ons daardie doelwitte bereik het.

- Ons is uiteindelik die vrugbaarste inheemse beesras in die land en die 5de vrugbaarste beesras in SA.
- Ons het ook ons speengewig op 205 dae, verbeter.
- Ons ledetal en dier getalle het bly groei.

Dankie aan elke raadslid wat die doelwitte help bereik het.

In verband met keuring moet ek sê dat Cornelis baie goeie reëlings tref en dat die uiteensetting van die keuring op baie bekwame wyse gedoen is. Die samewerking tussen die raad en Stefan van Wyk is ook baie goed en hy help dikwels met keuring.

Daar is egter nogsteeds 'n probleem met keurders wat traag is om by die lede uit te kom om keurings af te handel. Ek moet dit weer onder julle aandag bring dat daar 'n naamlys van keurders aan die lede, en die keurders, gestuur word, wat aandui wie die keurings by die lid moet doen. Kontak dus gerus die betrokke keurders indien hulle jou nog nie gekontak het nie.

Die Boeredag en die junior keuringskursus wat by Werner Gouws gehou is, was 'n groot sukses. Baie dankie aan Werner vir al julle moeite. Aan Cornelis, Albi en Chris, baie dankie dat julle vir Werner gehelp het om 'n suksesvolle keuringskursus aan te bied. Baie geluk ook aan al die persone wat die kursus geslaag het. Hoop julle is nou reg vir die keurings wat voorlê.

Werner, baie dankie vir al die reëlings vir ons aanbieding by Nampo. Ek weet dit is 'n reuse taak en nie maklik nie. Dankie ook aan die Noordelike Tuli klub vir julle hulp. Dit word baie waardeer.

Met die bemarking het dit hierdie jaar baie goed gegaan. Aangesien dit 'n baie groot werk is, het ons op 'n raadsvergadering besluit om twee persone daarvoor verantwoordelik te maak. Chris en Werner, julle het julle baie goed van julle taak gekwyt. Die feit dat Lizette ook in hierdie verband gehelp het, was ook 'n groot bydraende faktor tot die suksesvolle verbetering van ons bemarking.

Chris, ek dink die Joernaal is uitstekend en so is ook die artikels wat in die verkeie tydskrifte verskyn het. Dankie vir die gesprekke en besprekings rondom sekere punte deur die loop van die jaar. Soms het 'n persoon net iemand nodig om mee te praat om perspektief te kry oor 'n saak. Callie Barnard baie dankie vir jou bereidwilligheid om die Tuli's op Megaweek te gaan verteenwoordig. Hoop al die reëling is nog reg. As jy enige hulp verlang, kontak gerus die Genootskap. Baie geluk met die stigting van die Noordelike Tuli klub. Ek dink dit is wonderlik om lede met sulke inisiatief te hê.

Die Tuli se teelwaardes word nou kwartaaliks bereken, maar verslae word slegs eenkeer per jaar aan die lede geos. Dit is ook duidelik dat die teelwaardes al hoe meer akkuraat word en variasies binne eienskappe ook groter raak. Ek glo die akkuraatheid sal nou nog verder verbeter aangesien produksie-aantekening nou verpligtend is vanaf 1 Julie 2013.

SA stamboek het vanjaar ook 'n Internasionale toekening gekry, nl. die ICAR toekening (International Committee in Animal Recording) en is die enigste organisasie in die Suidelike Halfrond wat die toekening ontvang het; 'n klinklare bewys van die hoë standaard wat deur hulle gehandhaaf word. Dit is weereens 'n bevestiging dat ons besluit om SA Stamboek te ondersteun, die regte een was. Baie geluk aan Dr Pierre van Rooyen en sy span.

Op Logix is daar ook heelyd verbeteringe wat die gebruik daarvan vir ons, as boere, baie vergemaklik. Julle lewer 'n puik diens en stel ons bekend aan die nuutste tegnologie. Ons as Genootskap, is bevoorreg om saam met so 'n gedugte span te kan werk.

Mnr Chris Els: Met die groot gesukkel in die kantoor aan die begin van die jaar, is ek persoonlik baie bly om nie in sy skoene te staan nie. Die chaos van die eerste paar maande is opgelos en ek is baie dankbaar dat Liezel Grobler weer by ons is om die Tuli se sake te behartig. Liezel baie dankie vir jou harde werk en al die opofferings wat jy maak.

Aan die nuwe bestuur: Stel vir julle mikpunte en werk met 'n doel om dit te bereik. Dit sal gebeur dat julle teenkating kry en selfs teleurstelling, maar onthou ons moet die Tuli met al sy positiewe eienskappe beskerm en bekendstel. Ons moet ook met werlike feite kan kompeteer met die res van die bedryf.

Ek glo dat die Tuli 'n uitstekende beesras vir die toekoms is en dat al ons lede moet saamwerk om dit te bewys.

### 6.1.2 Tesouriers Verslag / Treasurer's Report – Alwyn Marx

Finansiële verslag: 01 Julie 2012 – 31/06/2013

Die Genootskap sluit die 2013 jaar af met 'n Winssyfer van R 33 505, teenoor die 2012 syfer van R 79 111. Dit is 57.65% laer. [Hou egter in gedagte dat 2012 se syfer 'n baie hoë basis is om teen te werk, indien ons in ag neem dat 2011 'n verlies van R 50 785, en 2010 'n verlies van R 42 876 getoon het.]

Aan die Algemene Inkomste kant, is dit 21.66% meer (R 635 998 vs R 522771 in 2012) Daar is in totaal 11.18% meer Ledegelde ontvang, en 12.6% meer Per Kapita. Die Stamboekfooie is ook baie hoër (88%), inaggenome dat Prestasietoetsing ook nou daarby ingesluit is, maar dit balanseer weer uit teen 'n ooreenstemmende-hoër uitgawe bedrag. Keuringsbesoekfooie asook Keurning - Dierefooie is baie laer (-64% en -77% osk.) Rente ontvang val onder 'Ander Inkomstes' e is 22.3% meer.

Aan die Uitgawekant, is die totaal 34.51% hoër.

Die grootste bydraende faktor is: Advertensies en Publisiteit 171% hoër, en die uiteensetting is kortliks as volg:

Internet- / Webbladkostas:	R 2 254.78
Pro-Agri Kalender Advertensies:	R 15 960.00
Agri-Mega Week Uitgawes:	R 3 596.70
Pro-Agri en Agrifoodsa.info Advertensie	R 10 360.00

Media-24 Advertensies (LBW):	R 46 565.03
Veeplaas Subskripsie:	R 11 696.40
Veeplaas Advertensiepakket:	R 48 191.22
Veeplaas Volblad Advertensie:	R 6 669.00
AgriSA Advertensie	R 8 550.00
TOTAAL:	R 135 628.00

Die tweede grootste verhoogde uitgawe, is Drukwerk en Skryfbehoeftes (+142.55%). Dit sluit R 2 143.00 in vir Nampo Pamflet Drukwerk.

Die derde hoogste verhoging is Posgeld (+101.03%). Dit sluit 'n bedrag van R 1 360.53 in, vir Meimaand se posgeld wat laat vanaf Stamboek ontvang is, en in die vorige finansiële jaar ontvang moes gewees het. Dit sluit ook R 2 650.80 in vir Postnet Bloemfontein Posgeld, wat in Meimaand 2012 betaal is aan PostNet Bloemfontein, vir joernale gepos.

Uitgawes waar daar noemenswaardige dalings was:

BLUP:	- 93.03% (Prestasietoetsingsfooie gaan nou na Stamboek)
Onthaalkoste (RV en AJV):	- 71.67%
Vertaling en tikwerk:	- 70%
Geskenke:	- 52.68%
Reis- en Verblyfkostes:	- 16.28%
Oudit- en Rekenmeestersgelde:	-12%

In geheel het die Genootskap 'n goeie finansiële jaar beleef, met die Geldmarkfonds wat R 27 669 sterker afsluit.

Daar is baie spandeer aan advertensies en raspromosie, wat beteken geld word in die Genootskap teruggeploeg. Aan die einde van die dag is die Genootskap nie daar om jaarliks groot winste te genereer nie, maar om die belange van die Tuli-telers te bevorder.

Die Debiteure met Kredietsaldo's, is weliswaar baie hoog (R 87 277). Op navraag is daar bevind dat dit is as gevolg van Raadslede (vir RV's en Nampo) en Keurders, wie verkies om hul eise as krediet op hul rekening te laat aanbring, eerder as om dit te laat uitbetaal. Dit beteken dat die gelde in die Geldmarkfonds kan bly, waar die Genootskap rente daarop kan verdien. Dit het dus 'n positiewe kontantvloei effek.

Mnr Welz dnoem dat die finansiële state voorsiening moet maak vir slegte skuld.

Mnr Welz doen navraag rondom advertensie in die Famers Weekly. Hy noem dat heelwat opkomende boere die Farmers Weekly koop. Die raad neem kennis. Hierdie punt word verwys na die volgende Raadsvergadering.

Mnr van Niekerk doen navraag rondom die Joernaal inkomste en uitgawes. Mnr Hobson noem dat die Tuli's nie vir BTW geregistreer is nie en Charmaine Alberts die fakturering doen. Die gelde word ook direk aan Charmain Alberts betaal en dit dan deur haar boeke gaan. Mnr van Rijswijk noem dat die joernaal as inkomste en uitgawe ook in die finansiële state moet verskyn. Mnr van Niekerk stel voor dat inspeksie kostes ook in die finansiële state moet gespesifiseer moet word as inkomste en uitgawe.

#### 6.1.3 **Goedkeuring van Jaarlikse Finansiële state jaar einde 30 Junie 2013 / Approval of Annual Financial Statements Year end 30 June 2013**

Die finansiële state word goedgekeur. Voorgestel mnr Welz, gesekondeer mnr Barnard.

#### 6.1.4 **Aanstel van Ouditeure/ Appointment of Auditor**

Christi Wagenaar word heraangestel as Ouditeure.

### 6.1.5 **Verslag deur Promosie & Bemerkings komitee/ Report by Promotion & Marketing committee**

#### **- Joernaal en Algemene Bemaking – Chris Hobson**

Mnr Hobson noem dat die ledetal amper verdubbeld het in die afgelope 5 jaar. Hy noem dat daar in die September 2013 ‘n voorblad en Ken jou ras in die Veeplaas verskyn. Hy noem dat Lizette Vermaak baie gehelp het met die joernaal. Hy vra dat indien daar enige voorstelle is vir die joernaal 2014 dit aan hom deur gegee moet word.

Mnr Marx stel voor dat alle advertensies eers deur die Raad goedgekeur moet word voordat dit gepubliseer word. Mnr A Rautenbach en S Welz sekondeer. Mnr Welz stel voor dat die foto’s wat in advertensies verskyn ook goedgekeur moet word. Mnr Coetzer stel voor dat riglyne aan telers gegee moet word waaraan foto’s moet voldoen.

Mev Welz noem dat die Tuli nie ‘n poena diere is nie en daar in die skrywes melding gemaak moet word as “oorwegend Poena”.

#### **- Nampo – Werner Gouws**

Mnr Gouws noem dat Nampo baie suksesvol was. Hy bedank Lizette vir haar hulp met die maak van die klere. Hy bedank ook Ben Raath vir die goeie kwaliteit diere wat hy beskikbaar gestel het. Hy bedank die Noordelike Tuli klub vir die hulp met die stalletjie. Hy noem dat nuwe meubels aangekoop is vir die Nampo stalletjie. Mnr Gouws noem dat nuwe baniere en vlaggies gemaak is wat deur lede gebruik kan word vir hul veilings en boeredae. Hy noem dat Gift Mafuleka tans by die Nasrec (African Farmers Expo) is met die baniere. Mnr Hobson noem dat ‘n ope-dag in die Wes-Kaap gehou word op 28 Augustus 2013.

Mnr Barnard noem dat die Mega week vanaf 16 – 21 September 2013 plaasvind. Diere van mnr F Brink sal ten toon gestel word en daar gaan gepoog word om aan die interras deel te neem.

**Lizette Vermaak** – Lizette noem ‘n wonderlike geleentheid oor haar pad gekom het. Sy vra toestemming om steeds die tuli’s se bemaking te doen. Eenparig aanvaar.

### 6.1.6 **Verslag deur Rasadviseurende komitee /**

#### **Report by Breed advisory committee - Dave Mullins**

Mnr van Rijswijk noem dat mnr Mullins verskoning aangebied het. Hy noem dat die onvrugbare diere identifiseer moet word sodat die Tuli die Vrugbaarste inheemse ras kan bly.

### 6.1.7 **Verslag deur Grondwet komitee / Report by Constitution committee - A Rautenbach**

Mnr Rautenbach noem dat die afrikaanse grondwet as outentieke weergawe gesien word. Hy noem dat die regstellings aan die keurderskursus materiaal ook aangebring is.

### 6.1.8 **Keurings – C Rautenbach**

Aanvanklik het dit maar treurig gegaam met die invul en uitstuur van die keuringsvorme.

- 1) Om ‘n hoë standaard te bly handhaaf sal gereelde en streng seleksie toegepas moet word en deur verskillende keurders. Die genootskap word onnodig belas deur reiskostes wat nie op een roete afgehandel kan word nie, veral waar Suidelike keurders Noord en noordelike keurders suid sal moet keur vir 2014.
- 2) **Dit is nog steeds die teler se plig om self sy diere uit te skot, so elke 6 maande vir foute wat insluip asook om te sorg dat keuring by hom betyds gedoen word en sorg dat diere in ‘n kraal met drukgang geriewe sal wees tydens keuring.**

- 3) Dankie vir telers wat saamwerk en hul raskenmerke ken.
- 4) Geluk aan die nuwe junior keurders – ons het hulle nodig vir toekomstige keurders.

Dankie aan al die keurders vir jul tyd en slegs 4 telers moet nog keuring ontvang.

Hy bedank ook Werner en sy vrou Christie Gouws vir hul moeite rondom die keurders kursus.

## 6.2 Veilingsdatums / Sale Dates

Noordelike Tuli Klub Veiling – 10/09/2013 te Warmbad

Glen Heath Tuli's – 26/09/2013

Midland Tuli's – 27/09/2013

HBH Tuli's – 09/10/2013

Alpha & Omega – 10/10/2013

Cawthorn Tuli's – 15/10/2013

Go West Tuli's – 17/10/2013

Jenda – 19/02/2014

Pavo Tuli's – 2014

Dreto – 2014

## 7. BYVOEGINGS / ADDITIONS

- 7.1 Keurders en Keurings met verwysing na 'n keurder wat net elke 2 jaar kan keur – Callie Barnard  
Mnr Barnard vra goedkeuring om die punt na die Raadsvergadering te verwys. Algemeen aanvaar.

Mnr Welz noem dat daar elke jaar probleme met die reel van keurings ondervind word. Hy noem dit 'n groot finansiële implikasie vir die Genootskap het. Hy stel voor dat die 2 jaar reël verval en elke lid gebruik mag maak van enige keurder, soveel keer hy wil. Na 'n lang bespreking en geslote stemming word die voorstel aanvaar met 'n meerderheid stemme.

Dus word aanvaar dat enige senior keurder of onafhanklike keurder soos Rain Gerhard of Stefan van Wyk op 'n jaarlikse grondslag by 'n spesifieke teler keuring mag doen. Die teler is verantwoordelik om self met 'n onafhanklike keurder te reel, maar die kantoor moet kennis dra daarvan. Indien daar van Genootskapskeurder gebruik gemaak word moet dit deur die kantoor hanteer word.

Mnr Hobson stel voor dat die keurder se nommer langs die dier wat gekeur is moet verskyn. Algemeen aanvaar.

Mnr Gouws stel voor dat die genootskapskeurders ook 'n dagfooi en vir reiskostes vergoed moet word. Mnr Hobson sekondeer. Die fooi moet deur die Genootskap bepaal word. Hierdie punt word verwys na die volgende raadsvergadering.

Mnr van Rijswijk stel voor dat onafhanklike keurders verplig moet word om een keer in 2 jaar die opknappingskursus by te woon.

Mev Welz noem dat die keurders moet oplet na afkeurredes. Mnr Hobson noem dat telers meer van die appél reël gebruik moet maak. Mev Welz wys verskillende foto's van bulle met skedes. Mnr van Rijswijk noem dat daar gelet moet word op die ekonomiese waardes wat besluite tot gevolg gaan hê. Mnr C Rautenbach noem dat daar in die verlede toegegee is met bulle wat skedes gehad het. Hy noe dat daar vandag goeie bulle is met goeie BLUP syfers wat gebruik moet word. Mev Welz noem dat daar 'n tekort aan Tuli semen by KI stasies is en kommersiële telers opsoek is

daarna. Mnr Welz noem dat skede na een generasie uitgeteel kan word.

7.2 Samestelling van die Raad meer op Streeksvlak – Callie Barnard

Mnr Barnard noem dat verteenwoordigers in streke benodig word sodat lede weet wat aangaan in die verskillende provinsies. Hy noem dat inligting in omsendskrywes versprei moet word. Mnr van Niekerk doen navraag of meer klubs nie gestig kan word nie.

Mnr van Rijswijk noem dat die bestuur deur die lede gekies word. Mnr A Rautenbach noem dat ander genootskappe meer lede het en dit makliker uitvoerbaar is, maar daarna gekyk kan word. Mnr Welz stel voor dat 'n klubverteenwoordiger afgevaardig kan word om Raadsvergaderings by te woon, sonder stemreg. Mnr van Rijswijk noem dat raadsvergaderings oop is vir lede om by te woon, maar sonder stemreg. Reis en verblyfkostes is vir die betrokke lid se rekening.

7.3 Alle bulle wat op 'n veiling te koop aangebied word moet 'n DNS nommer hê en vaderskap moet bevestig wees – Bossie Coetzer

Mnr Coetzer noem dat diere wat sonder DNS nommer gekoop word en later geDNS word en ouerskap nie ooreenstem nie 'n probleem is. Mnr Welz noem dat dit groot kostes op die teler bring. Hy noem dat skadevergoeding ge-eis kan word.

Mev Welz noem dat alle teelbulle geDNS moet word. Slegs huidige kuddevaars MOET 'n DNS profiel hê.

Voorstel word nie aanvaar nie.

7.4 Lede met minder as 10 beeste – stemreg of nie – Bossie Coetzer

Mnr Coetzer noem dat sekere genootskappe hierdie reël ingestel het omrede stemreg van persone gekry was en punte sodoende deurgevoer was wat tot nadeel van 'n genootskap kan wees. Alle lede moet ten minste 10 geregistreerde diere (op per kapitalyste) hê om stemreg te kan hê. 'n Teenvoorstel van 20 diere is gekry deur mnr van Niekerk. Na stemming word dit goedgekeur dat 'n lid minimum van 10 beeste moet hê vir stemreg.

7.5 Slegs goedgekeurde SP en B bulle mag op veilings verkoop word – Bossie Coetzer

Mnr A Rautenbach stel voor dat daar op veilings afgekondig moet word dat kommersiële diere na die veiling verkoop word, en dis nie onder die beskerming van die Genootskap nie. Mnr van Rijswijk stel voor dat kommersiële diere glad nie op 'n veiling verkoop moet word nie. Mnr Gouws stel voor dat stoet/kommersiële diere eerste verkoop word en dan die ander. En dit duidelik afgekondig moet word, maar kommersiële en stoet diere mag nie deurmekaar verkoop word nie.

Eenparig aanvaar.

7.6 Bulle eers op 3 jaar gekeur – Bossie Coetzer

Mnr Coetzer stel voor dat daar strenger op seleksie moet wees en 'n groot verantwoordelikheid teenoor screerners is wat screening doen van bulle wat aangebied word op veilings. Mev Welz noem dat die grondwet melding maak van 12maande vir bulle.

Mnr A Rautenbach noem dat hy vir mnr Gilfillan sekondeer dat diere voor 'n veiling geïnspekteur moet word en dat die inspekteurders strenger moet wees.

7.7 Hulp program vir die opteel van Tuli's – Aanhangsel A & B – Bossie Coetzer

'n vergunning van basis diere om goedkoper per kapita te betaal

Dit word aanvaar dat Basis diere 50% van SP diere se fooi is. A, B en SP diere bly 100%.  
Algemeen aanvaar.

Mnr Coetzer noem dat dit telers met baie basis diere sal motiveer om hul diere te registreer. Mnr van Rijswijk noem dat die voordeel is dat hierdie diere statistiek kry. Hy noem dat dit die genetiese basis verbreed. Mnr Gouws noem dat dit terug gaan na die ou F1, F2, F3 en F4.

Algemeen aanvaar.

## 8. GRONDWETWYSIGINGS

8.1 10.3.1 'n Algemene vergadering van die Genootskap wat bekend staan as die Algemene Jaarvergadering word een keer in 'n finansiële jaar, nie later nie as ~~nege~~ ses maande na die einde van die finansiële jaar, gehou op so 'n tyd en plek as wat die Raad mag bepaal.

10.3.1 A general meeting of the Society to be known as the Annual General Meeting shall be held once a year at such time and place as may be determined by Council, but not later than ~~nine~~ six months after the end of the financial year

Algemeen aanvaar.

### 8.2 Verandering van Basis diere en A diere

#### 1.2. Basiese Register

1.2.1 'n Basis diere moet 'n SP pa/ma uit enige kommersiële bul/koei hê, en moet Tuli tipies wees. Vroulike diere wat aan die minimum rasstandaard voldoen, asook genotipies *cum* fenotipies 'n Tuli is, sal na inspeksie en goedkeuring geskik wees vir aantekening in die Basiese Register.

1.2.2 Uitsondering: Waar daar vir 'n aantal jare slegs van SP geregistreerde Tuli bulle binne 'n kommersiële kudde gebruik gemaak is, sal die vroulike nageslag, nadat dit deur Inspekteurs van die Genootskap geïnspekteer en goedgekeur is deur die Raad, vir registrasie in die Basiese Register van die Kuddeboek in aanmerking kom.

#### 1.3 Hulpstamboek Afdeling

##### 1.3.1 Hulpstamboek A

1.3.1.1 Die vroulike nageslag van 'n Basiese vroulike diere en 'n SP volgeregistreerde bul wat voldoen aan die minimum rasstandaarde en aan al die ander vereistes ten opsigte van registrasie, sal vir registrasie in die Hulpstamboek A afdeling in aanmerking kom.

Vroulike diere wat aan die minimum rasstandaard voldoen, asook genotipies *cum* fenotipies 'n Tuli is, sal na inspeksie en goedkeuring geskik wees vir aantekening in die Hulpstamboek A afdeling

1.3.1.2 Nageslag van veelvuldige vader-parings sal slegs in aanmerking kom waar ouerskap deur 'n erkende DNS-toets bevestig word. Die ouerskap van Nie vir Registrasie-diere sal aanvaar word mits dit deur DNS-toets bepaal is en dit binne ses maande na geboorte ingedien is.

##### 1.3.2 Hulpstamboek B

Die nageslag van 'n Hulpstamboek A vroulike diere en 'n Volgeregistreerde bul wat reeds goedgekeur is en wat aan die minimum ras- en prestasiestandaarde en aan al die ander vereistes



ten opsigte van registrasie voldoen, sal in aanmerking kom vir registrasie in die Hulpstamboek B afdeling van die Kuddeboek.

Vroulike diere wat aan die minimum rasstandaard voldoen, asook genotipies *cum* fenotipies 'n Tuli is, sal na inspeksie en goedkeuring geskik wees vir aantekening in die Hulpstamboek B afdeling

Algemeen aanvaar.

1.4 Produksieaantekeninge is verpligtend vir diere gebore vanaf 1 Julie 2013. Slegs Basis diere hoef nie produksie data te hê om goedgekeur te word nie.  
Algemeen aanvaar.

1.5 Alle stoetvaarders moet oor 'n DNS profiel beskik en teenoor hul eie vaars se DNS vergelyk word.

Algemeen aanvaar.

1.6 LNR veranderinge

[In hakkies] = Skrap  
Onderstreep = Invoeging

## WYSIGINGS AAN KONSTITUSIE TULI BEESTELERSGENOOTSKAP VAN S A

Tydens 'n Algemene Jaarvergadering van die Tuli Beestelersgenootskap van S A gehou op 27 Maart 2012 was dit eenparig deur die lede, wat teenwoordig en stemgeregtig is, aanvaar dat die grondwet as volg gewysig word:

### **NUWE VERORDENING 12.1.1**

Dat 'n nuwe Verordening 12.1.1 ingevoeg word:

#### 12.1.1 Prestasie Toetsing

Prestasie toetsing sal verpligtend wees vanaf 01/07/2013.

### **AANBEVELING**

Dit word aanbeveel dat die invoeging van Verordening 12.1.1 met betrekking Pretasietoetsing, ingevoeg word as Verordening 11.1.1 (b) en dat die huidige Verordening 11.1.1 hernommer word as Verordening 11.1.1(a):

## **11. VEREISTES VIR AANTEKENING OF REGISTRASIE**

### **11.1 Algemeen**

#### **11.1.1 (a)**

Inspeksie is 'n voorvereiste vir die aantekening of registrasie van Suid-Afrikaansgeteelde of ingevoerde diere en behalwe deur spesiale goedkeuring van die Raad of in die geval van bulle wat 'n fase C of D

toets voltooi het, sal geen dier onder die ouderdom van 12 maande aangeteken of geregistreer word nie.

- (b) Produksie-aantekening**  
**Produksie-aantekening sal vanaf 1 Julie 2013 verpligtend wees.**

## VERDERE AANBEVELINGS

### DEFINISIE (p)

- ~~(p) [‘prestasië’, die groei en produksieprestasië, reproduksie en/of funksie;]~~  
**(p) ‘produksie’, die groei- en produksie-aantekening, reproduksie en/of funksie;**

### KLOUSULES 2.1(d) EN (j) (DOELSTELLINGS)

2.1 Onderhewig aan die bepalings van die Wet en hierdie Grondwet is die doelstellings van die Genootskap –

- (d) om rasstandaarde wat gebaseer is op **[prestasiëtoets]produksie-aantekening** rekords en visuele inspeksie vir genetiese afwykings en bouvorm op te stel en te handhaaf in so verre dit verwant is aan funksionele doeltreffendheid. Vir hierdie doel sal alle **[prestasië]prodksiedata** aan die Raad, inspekteurs en subkomitees beskikbaar gestel word;

- ~~(j) [om prestasiedata van lede wat aan die Nasionale Vleisbeesverbeteringskema deelneem, onderhewig aan die voorwaarde soos deur die Bestuurskomitee (Ineo 2000) van die Geïntegreerde Registrasie en Genetiese Inligtingstelsel (Intergis 2000), bepaal mag word, aan te vra. Die Genootskap onderneem dat die data nie tot nadeel van ‘n lid, of lede of Intergis 2000 aangewend sal word nie en dat verdere verwerking van sodanige data nie tot nadeel van, of strydig met die vereistes en bepalings van die gemelde skema sal wees nie.]~~

**om produksiedata van lede verbonde aan die Vleisbeesproduksie-aantekeningskema op versoek van die genootskap en onderworpe aan die voorwaardes wat deur Stamboek voorgeskryf mag word, aan die Genootskap beskikbaar te stel: Met dien verstande dat die genootskap sodanige data nie tot die nadeel van enige lid, of lede, of Stamboek sal aanwend nie en dat die verdere verwerking van die data nie tot die nadeel van die oogmerke van die Vleisbeesproduksie-aantekeningskema sal wees nie.**

### KLOUSULE 8.3.1, 8.3.2 EN 8.3.3

#### 8.3 Addisionele Raadslede

Benewens die sewe verkose lede mag daar ook die volgende persone wees wat op die Raad mag dien –

**8.3.1** ~~[Verteenwoordiger van die Landbounavorsingsraad Lewendehawe Besigheidsafdeling~~

~~Sodanige lid mag na oorlegpleging met die Direkteur van die LNR Lewendehawe Besigheidsafdeling op die Raad gekoöpteer word in 'n adviserende hoedanigheid met die reg om alle vergaderings by te woon, maar sonder stemreg.]~~

**8.3.1** **Lewenslange Ere Vice-President**

Vir uitsonderlike dienste aan die ras mag persone op aanbeveling van die Raad by 'n Algemene Jaarvergadering tot Lewenslange Ere Vice-President verkies word: Met dien verstande dat sodanige aanbeveling deur ten minste driekwart van die lede op die Algemene Jaarvergadering goedgekeur word. Sodanige persoon sal 'n *ex officio* lid van die Raad wees sonder stemreg.

**8.3.2** **Die Bestuurder**

Die Bestuurder, of in sy afwesigheid 'n ander senior amptenaar van die Genootskap, wat alle vergaderings van die Genootskap sal bywoon en die reg het om aan besprekings deel te neem, maar egter nie stemreg sal hê nie.

**KLOUSULE 11.5 (FINANSIËLE BEPALINGS)**

11.5 Die inkomste en besittings van die Genootskap, uit watter bron ookal ontvang, **insluitende profyte en winste**, sal enkel en alleen aangewend word ter bevordering van die doelstellings van die Genootskap en geen deel daarvan sal direk of indirek as dividend of bonus of andersins betaal of oorgedra word aan enige persone wat te eniger tyd lede van die Genootskap is of was nie: Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is die betaling in goeder trou aan enige werknemer of ander persoon vir dienste wat aan die Genootskap gelewer is, kan verhoed nie.

**KLOUSULE 14.3 (GRONDWETLIKE WYSIGINGS)**

14.3 **'n Gewysigde Grondwet moet na elke wysiging aan die Suid Afrikaanse Inkomstediens gestuur word.**

**VERORDENING 1.4**

**1.4 Volgeregistreerde Afdeling van die Kuddeboek (SP)**

Vir hierdie Afdeling van die Kuddeboek kom die volgende diere, indien hulle voldoen aan die minimum ras- en **prestasie produksie**standaarde en aan al die ander vereistes ten opsigte van registrasie, in aanmerking vir registrasie –

- (a) Alle nageslag van Hulpstamboek B-koeie x Volgeregistreerde bulle wat reeds goedgekeur is.
- (b) Alle nageslag van Hulpstamboek B-bulle x Volgeregistreerde koeie wat reeds goedgekeur is.
- (c) Alle nageslag van Volgeregistreerde diere wat reeds goedgekeur is.

**VERORDENING 3.7 (IDENTIFIKASIE)**

3.7 Behalwe vir die moontlike verpligte merk/brand van diere soos bepaal deur wetgewing of die vrywillige merk/brand van diere geregistreer in die Volgeregistreerde Afdeling

van die Kuddeboek met die geregistreerde (brand) merk van die Vereniging, of soos voorgeskryf deur die [**Nasionale Vleisbeesverbeteringskema**] **Vleisbeesproduksie-aantekeningkema**, is die aanbring van enige ander brand hoegenaamd, deur die teler of eenaar of sy agent, streng verbode en die aantekening- en/of registrasiesertifikaat van enige dier so gemerk sal gekanselleer word.

## VERORDENING 5.1.4

### 5.1 Dekking- of Insemineringsertifikaat

5.1.4 Veelvuldige vaderparings is toelaatbaar. Slegs Volgeregistreerde bulle wat reeds goedgekeur is mag vir veelvuldige vaderparings gebruik word. Die nageslag verwek deur veelvuldige vaderparings sal slegs in aanmerking kom vir **aantekening of** registrasie in die Kuddeboek na die vaderskap bevestig is deur 'n DNS-toets of enige ander beproefde wetenskaplike metode om ouerskap te bevestig.

## VERORDENING 11.1.1(a)

### 11. VEREISTES VIR AANTEKENING OF REGISTRASIE

#### 11.1 Algemeen

11.1.1 **(a)** Inspeksie is 'n voorvereiste vir die aantekening of registrasie van Suid-Afrikaansgeteelde of ingevoerde diere en behalwe deur spesiale goedkeuring van die Raad of in die geval van bulle wat 'n [**fase C of D**] **goedgekeurde groei**toets voltooi het, sal geen dier onder die ouderdom van 12 maande aangeteken of geregistreer word nie.

## VERORDENINGE 12.1 EN 12.2.3

### 12. INSPEKSIE EN [**PRESTASIE**]PRODUKSIE VEREISTES

#### 12.1 Minimum Standaarde

Minimum inspeksie- en [**prestasie**] **produksie**standaarde, as voorvereiste vir aantekening en registrasie, sal van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word.

#### 12.2 Inspeksie en Pligte van Inspekteurs

12.2.3 Dit is verpligtend dat 'n teler tydens besoek van die inspekteur alle diere van die betrokke groep en wat aan die volgende minimum ouderdom vereistes voldoen voor die inspekteur te bring vir keuring.

Bulle - Minimum ouderdom 12 maande, behalwe bulle wat 'n [**fase C of D**] **goedgekeurde groei**toets voltooi het en na voltooiing van die toets gekeur moet word.

Vers - Minimum ouderdom 12 maande.

Die inspekteur het die mag om na eie oordeel enige dier oor te hou vir inspeksie tydens die volgende besoek. By keuring kan 'n dier goedgekeur, afgekeur of afgegradeer word.

## VERORDENING 13.1 (AANTEKENING- OF REGISTRASIESERTIFIKATE)

### 13.1 Oorspronklike Sertifikate

Aantekening- en registrasiesertifikate wat ten opsigte van diere uitgereik word wat aan die inspeksie- en [prestasie]produksie vereistes in terme van Verordening 12 voldoen, sal in die formaat wees soos deur die Vereniging en die Genootskap ooreengekom en sal gemete [prestasie]produksie-gegewens, soos behaal in terme van die reëls van die [Nasionale Prestasie-toetskema]Vleisbeesproduksie-aantekeningeskema, bevat.

## VERORDENING 16.2 (INVOER EN UITVOER VAN DIERE, SEMEN EN EISELLE)

16.2 Die Raad sal minimum [prestasie]produksie- en ander vereistes vir die invoer en uitvoer van diere, semen en eiselle ooreenkomstig Klousule 9(y) van die Grondwet bepaal en geen sodanige invoer of uitvoer sal deur die Genootskap by die Registrateur aanbeveel word, tensy aan al die genoemde vereistes voldoen is nie.

Algemeen aanvaar.

### 2 VERKIESING VAN RAADSLEDE / ELECTION OF COUNCIL MEMBERS

Mnr Werner Gouws word verkies as Voorsitter, mnr Callie Barnard as Vice-Voorsitter. Mnre Alwyn Marx, Albie Rautenbach, Johan van Rijswijk, Ben Raath en Chris Hobson word verkies as raadslede.

### 3 BENOEMING VAN SA STAMBOEK VERTEENWOORDIGER / APPOINTMENT OF SA STUDBOOK REPRESENTATIVE

Die Stamboek verteenwoordiger sal deur die nuut verkose raad benoem word.

### 4 DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING / DATE OF NEXT MEETING

Die datum van die volgende Algemene Jaarvergadering sal deur die Raad aan die lede bekend gemaak word.

*Council will advise members of the date of the next AGM.*

### 9. AFSLUITING / CLOSURE

Mnr van Rijswijk bedank almal vir hulle insette. Mnr Barnard sluit af met gebed. Die vergadering verdaag om 14:45.

*Mr. Van Rijswijk thanked members for their attendance and participation in discussions. Mr Barnard closed the meeting with prayer. The meeting adjourned at 14:45*

Geteken te/Signed at ..... op/on .....dag van/day van .....2014

.....  
Voorsitter/Chairman  
W Gouws